basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## AFRIKAANS HUISTAAL

## STEL 1: 2012 VOORBEELD

# RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

## 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

## 2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

## 3. Verband met ander leer- en onderrigbronmateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalings van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronmateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

## 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

## 5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse gebruik te maak as deel van die onderwyshulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertroud te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

**Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.**

Daar was eenmaal 'n baie ryk man. Ongelukkig was hy 'n nare en gemene man. Hy was so naar en gemeen dat al die inwoners van die dorpie bang was vir hom. Niemand het dit naby sy huis gewaag of met hom gepraat nie. Een skroeiende, warm dag het die man in die skaduwee van 'n boom buite sy huis aan die slaap geraak. Toe hy wakker word, vind hy 'n jongman langs hom wat ook in die skaduwee sit.

**Ryk man:** Wat soek jy hier? Gaan weg, dis my skaduwee!

**Jongman:** Dit kan nie jou skaduwee wees nie. Die boom behoort aan die gemeenskap.

**Ryk man:** Huh! Dié boom en sy skaduwee behoort aan my!

**Jongman:** Dan meneer, wil ek graag die skaduwee van jou boom koop.

**Ryk man:** Jy kan die skaduwee koop vir vyf goue munte.

**Jongman:** Hier meneer, neem die goud. Baie dankie meneer. Nou is ek die eienaar van die skaduwee.

Die nare en gemene man het die goud in sy sak gesit, onderlangs gelag en terug na sy huis gestap.

Later, toe die son begin sak, het die skaduwee van die boom al langer en langer geword. Die skaduwee bedek toe die huis van die nare en gemene man. Die jongman het dapper die huis binnegestap.

**Ryk man:** Wat soek jy in my huis? Trap uit my huis uit ! Jou dom, onnosel snuiter.

**Jongman:** Meneer, die skaduwee wat ek gekoop en waarvoor ek betaal het, is besig om die huis te bedek. Dit beteken dat die huis nou ook aan my behoort.

Vol woede het die nare en gemene man sy huis vir altyd verlaat. Al die dorpsmense het na die groot huis kom kyk en die skaduwee van die boom geniet. Die inwoners het die jongman geprys dat hy hulle gehelp het.

1.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Die leesstuk handel oor ...

A 'n ryk man wat onder 'n boom slaap.
B 'n jong man wat onder 'n boom slaap.
C 'n man wat die skaduwee gekoop het.
D 'n man wat die skaduwee gesteel het. (1)

1.2 Skryf 'n gepaste titel vir die verhaal neer.

______________________________________________________ (1)

1.3 Vul 'n woord of frase in om die volgende sin te voltooi:

Die volksverhaal handel oor ________________________________ (1)

1.4 Onderstreep die korrekte woord.

Die ryk man was (jonk/dwaas/gemeen/vrygewig). (1)

1.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die dorpsmense was tevrede met die jongman. ____________________ (1)

2.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Die jongman het die ___________________________________ gekoop.

A dorp
B boom
C huis
D skaduwee (1)

2.2 Vul 'n woord in om die sin te voltooi.

Die ______________________________ man het die skaduwee verkoop. (1)

2.3 Gee EEN woord uit die teks wat min of meer dieselfde beteken as heimlik.

______________________________________________________ (1)

2.4 Onderstreep die korrekte woord.

Toe die ryk man die huis verlaat, was hy (bang/kwaad/hartseer/slaperig). (1)

2.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die storie vind plaas in China. ________________________________ (1)

3.1 Het die mense die gemene man besoek?

Antwoord JA of NEE. __________________________________________ (1)

3.2 Dink jy dat skaduwee gekoop kan word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

_____________________________________________________________ (2)

3.3 Waarom dink jy het die mense nie die ryk man besoek nie? Gee TWEE redes vir jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

3.4 Die jong man was baie dapper.

Stem jy saam of nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

3.5 Wat sou jy doen as iemand jou gevra het om vir skaduwee te betaal? Waarom sou jy dit doen?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

4.1 Omkring die letter van die opsie wat VERKEERD is.

Die volksverhaal is in formele taal geskryf omdat dit ...

A nie in volsinne geskryf is nie.

B in volsinne geskryf is.

C die korrekte leestekens bevat.

D die korrekte spelling bevat. (1)

4.2 Dink jy dat die jongman goeie maniere gehad het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

4.3 Waarom vertel mense volksverhale soos hierdie een? Gee TWEE redes.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

4.4 Onderstreep die korrekte keuse.

Die ryk man gebruik die term "Huh!" Hierdie woord is 'n voorbeeld van

('n vraag/'n stelling/formele taal/informele taal). (1)

4.5 Is die storie maklik om te lees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

5.1 Die woord "skroeiende" bestaan uit skroei + ende. Skryf nog TWEE woorde uit die storie wat bestaan uit 'n stam en 'n agtervoegsel.

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

5.2 Vorm 'n nuwe woord deur 'n gepaste voorvoegsel by die woord "dek" te voeg.

____________________________________________________ (1)

5.3 Vorm 'n nuwe woord deur 'n gepaste agtervoegsel by die woord "dank" te voeg.

____________________________________________________ (1)

5.4 Onderstreep die woord wat die betekenis van die woord "skroeiende" verduidelik.

Skroeiende beteken (gulsig/behulpsaam/baie warm/baie koud). (1)

5.5 Gebruik die woord "behoort" in jou eie sin (nie woorde in die teks nie).

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

**Bestudeer die foto hieronder en beantwoord VRAAG 6 en 7.**



6.1 Is die kinders in die foto gelukkig of hartseer?

_______________________________________________ (1)

6.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR.

Die kinders geniet dit wat hulle doen.

_______________________________________________ (1)

6.3 Onderstreep die woord wat die gebeure in die foto die beste beskryf.

Die kinders is besig om te (baklei/hardloop/huil/lag). (1)

6.4 Onderstreep die korrekte woord.

Die dogter, links voor, hou 'n (boek/selfoon/blikkie/sak) in haar hand vas. (1)

6.5 Vul die ontbrekende woord in.

Die kind met die wit hemp aan is besig om iets te _________________ op

die selfoon wat sy vriend vashou. (1)

7.1 As jy na die foto kyk, lyk dit asof dit reën?

Antwoord JA of NEE.______________________________________ (1)

7.2 Stem jy saam met die volgende stelling?

Antwoord JA of NEE. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die kinders op die foto is ongelukkig.

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

7.3 Sou jy graag in die foto wou wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

7.4 Watter emosie word hoofsaaklik in die foto waargeneem? Motiveer jou antwoord.

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

7.5 Wat, dink jy, het gebeur nadat die foto geneem is? Waarom sê jy so?

________________________________________________________

________________________________________________________ (2)

**Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord VRAAG 8, 9, 10, 11, 12 en 13.**

Sommige diere is sosiale diere. Hulle hou daarvan om in groepe te leef, saam te beweeg, saam te eet en mekaar te help. Meerkatte leef saam in sosiale groepe wat kolonies genoem word. Die kolonies bestaan uit tussen vyf en vyf en twintig lede. Die kolonie bestaan gewoonlik uit twee of drie families.

Hoe lyk ’n meerkat? ’n Volwasse meerkat weeg ongeveer 1 kg en het ’n stert van ongeveer 20 cm lank. Die stert help die meerkat om regop te staan. Die meerkat het skerp, lang kloue wat hy gebruik om mee te grawe. Die meerkat gebruik ook sy kloue om boom te klim. Die meerkatfamilie grawe ’n klomp tonnels ondergronds. Dis waar hulle leef en slaap. Hulle gebruik ook die tonnels om in weg te kruip en rond te hardloop.

Waar en hoe leef meerkatte? Hulle word aangetref in woestyne, plekke wat baie droog is, waar kleinerige plantsoorte en lang gras voorkom. Ons noem dit hul habitat, waar hulle kos, water en skuiling gebied word. Meerkatte kom in die Noord-Kaap, Botswana, sowel as Namibië voor.

’n Familie meerkatte leef saam in ’n tonnel, maar slaap nie in dieselfde deel van die tonnel elke aand nie. Elkeen het sy eie afdeling. Meerkatte slaap snags en soggens kom hulle uit om hulself in die hitte van die son warm te maak. Wanneer hulle regop staan, verhit die son hul mae wat afgekoel het gedurende die koue woestynnagte. Dit word baie warm gedurende die dag in die woestyn; dan kruip hulle terug in hul tonnels om af te koel.

8.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

In die teks kry jy inligting oor ...

A Namibië.

B Botswana.

C meerkatte.

D katte. (1)

8.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Meerkatte leef alleen. ________________________________________ (1)

8.3 Onderstreep die korrekte woord.

Die meerkat se stert help met (grawe/regop staan/kloue/slaap). (1)

8.4 Wat is die hoofidee in paragraaf een?

____________________________________________________________ (1)

8.5 Gee 'n gepaste titel vir die teks.

____________________________________________________________ (1)

9.1 Vul die korrekte woord in.

Meerkatte gebruik hul kloue om in die grond te _________________. (1)

9.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Meerkatte slaap ...

A gedurende die nag.

B in neste.

C in groepe.

D in bome. (1)

9.3 In watter tyd is die eerste sin geskryf? ____________________________ (1)

9.4 Stem jy saam met die volgende stelling of nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Meerkatte word in die pole aangetref.

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (2)

9.5 Onderstreep die korrekte woord om die sin te voltooi.

Meerkatte staan regop en maak hul (rûe/mae/gesigte/kloue) in die son warm. (1)

10.1 Skryf jou eie sin om die betekenis van die woord "woestyn" uit te beeld**.**

___________________________________________________________ (1)

10.2 Gee EEN woord vir 'n groep meerkatte wat saam leef.

___________________________________________________________ (1)

10.3 Gee 'n sinoniem vir die woord "groot" wat in die teks voorkom.

___________________________________________________________ (1)

10.4 Skryf die afkorting "kg" voluit neer. ______________________________ (1)

10.5 Voltooi die volgende sin:

Meerkatte bly in tonnels gedurende die dag om ________________ te bly. (1)

11.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

'n Habitat is ...

A iets wat meerkatte dra.

B waar meerkatte leef.

C kos wat meerkatte eet.

D 'n groep meerkatte. (1)

11.2 Som paragraaf twee in EEN sin op.

______________________________________________________________ (1)

11.3 Tot watter woordsoorte behoort die volgende woorde.

11.3.1 Noord-Kaap ________________________________________ (1)

11.3.2 kolonies ___________________________________________ (1)

11.3.3 bome _____________________________________________ (1)

11.4 Onderstreep die korrekte woord om die sin waar te maak.

Meerkatte is (insekte/voëls/reptiele/diere). (1)

11.5 Stem jy saam met die volgende stelling of nie?

Meerkatte is soos mense wat in familiegroepe saamwoon.

________________________________________ (1)

12.1 Skryf 'n beskrywende paragraaf van TIEN sinne waarin jy TWEE van jou familielede beskryf. Verwys na wat hulle graag doen, asook vreemde gewoontes wat hulle dalk het.

(6)

12.2 Skryf 'n verhalende paragraaf van TIEN sinne waarin jy 'n storie vertel van iets snaaks wat met jou familie gebeur het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (6)

12.3 Skryf 'n dialoog van TIEN sinne oor 'n gesprek tussen jou en jou vriend waarin jy beskryf wat jy die vorige dag by die huis gedoen het.

(6)

12.4 Skryf 'n dagboekinskrywing van TIEN sinne waarin jy ŉ snaakse gebeurtenis beskryf wat op daardie dag plaasgevind het.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (6)

13.1 Voltooi die teks hieronder deur die ontbrekende woorde in te vul. Kies uit die woorde uit die blokkie hieronder, maar nie al die woorde pas in nie.

| |
|---|
| eet, grond, maar, en, hulle, hy, jag, sy, is, was, slaap, drink, ook, asook |

| |
|---|
| Wanneer meerkatte honger word, kyk hulle op die ____________ vir termiete, spinnekoppe of duisendpote. Hulle __________ voëls, vrugte, rotte, akkedisse ______________ eiers. _______ grawe in die ____________ vir prooi. So meerkatte ___________ roofdiere. Dit beteken hulle ______________ ander diere. Die diere wat ____________ jag, word hul prooi genoem. |

(7)

13.2 Omkring die korrekte woorde soos in die sinne gebruik.

13.2.1 Meerkatte is lief vir (mure/miere). (1)

13.2.2 Meerkatte (jaag/jag) in die dag. (1)

13.3 Onderstreep die korrekte voorsetsel in die volgende sin:

Die meerkat bak (op/in/onder) die son om warm te word. (1)

13.4 Verander die volgende werkwoorde na die verlede tyd:

13.4.1 jag ________________________________________ (1)

13.4.2 slaap ________________________________________ (1)

13.4.3 speel ________________________________________ (1)

13.5 Gee die enkelvoud vir die volgende:

13.5.1 kolonies ________________________________________ (1)

13.5.2 families ________________________________________ (1)

13.5.3 vlieë ________________________________________ (1)

14.1 Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:

14.1.1 'n Familie meerkatte bly in 'n tonnel.

________________________________________________________ (1)

14.1.2 Elkeen het sy eie leefruimte.

________________________________________________________ (1)

14.2 Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd:

14.2.1 Beide ouers het hul kleintjies gehelp.

________________________________________________________ (1)

14.2.2 Die kolonie het 'n klomp tonnels gegrawe.

________________________________________________________ (1)

14.3 Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd:

14.3.1 Dis waar hulle bly.

______________________________________________ (1)

14.3.2 Die meerkatte soek veiliger tonnels.

______________________________________________ (1)

15.1 Onderstreep die korrekte meervoudsvorm van die woorde tussen hakies:

15.1.1 Beide (families/familles) het gehelp om kos te soek.

______________________________________________ (1)

15.1.2 Meerkatte maak in die oggend hul (magte/mae) in die son warm.

______________________________________________ (1)

15.2 Gebruik die volgende woorde in sinne om hul betekenis aan te dui.

15.2.1 lei

______________________________________________ (1)

15.2.2 ly

______________________________________________ (1)

15.2.3 krag

______________________________________________ (1)

15.2.4 kraag

______________________________________________ (1)

15.3 Omkring die korrekte woorde soos in die sinne gebruik.

15.3.1 Alle vorme van (lewe/leef) is waardevol. (1)

15.3.2 Mense hou daarvan om saam in groepe te (lewe/leef). (1)

15.4 Omkring die woord in hakies wat die sin waar sal maak.

15.4.1 'n Meerkat (buit/byt) seer. (1)

15.4.2 Die meerkat staan (vier/fier) en regop. (1)

16.1 Skryf die volgende sin oor deur die uitroepteken te gebruik.

"Ek sien 'n meerkat" skree die seun opgewonde.

__________________________________________________________ (1)

16.2 Skryf die volgende sin oor deur die vraagteken te gebruik.

"Is meerkatte oulik" het die meisie gevra.

__________________________________________________________ (1)

16.3 Skryf die volgende sin oor deur die afkappingsteken te gebruik:

Die tonnel is die meerkat sn.

__________________________________________________________ (1)

16.4 Skryf die volgende sin oor deur hoofletters te gebruik:

meerkatte word in namibië aangetref.

__________________________________________________________ (2)

16.5 Gebruik leestekens om die volgende sin reg te maak:

gn meerkatte word in botswana gevind nie

______________________________________________________________ (4)

17.1 Gee die teenoorgestelde van die volgende woorde:

17.1.1 kan ____________________________________ (1)

17.1.2 sal ____________________________________ (1)

17.1.3 wil ____________________________________ (1)

17.2 Gee die korrekte negatiewe gebruik van die woord **nie** in die volgende sin.

'n Volwasse meerkat weeg meer as 1 kg.

______________________________________________________________ (1)

17.3 Gebruik 'n voorvoegsel om nuwe betekenis aan die woorde hieronder te gee:

17.3.1 hou ____________________________________ (1)

17.3.2 lang ____________________________________ (1)

17.4 Gebruik 'n agtervoegsel om nuwe woorde van die woorde hieronder te vorm:

17.4.1 lewe ____________________________________ (1)

17.4.2 krag ____________________________________ (1)

**Bestudeer die tabel hieronder. Die data is opgestel deur navorsers wat meerkatte in die Noord-Kaap en Botswana bestudeer het. Gebruik hierdie data en beantwoord VRAAG 18 en 19.**

| | **Akkedisse gevang** | **Spinnekoppe gevang** | **Meerkat-groep se grootte** | **Getal manlikes** | **Getal vroulikes** |
|---|---|---|---|---|---|
| Botswana | 120 | 60 | 50 | 20 | 30 |
| Noord-Kaap | 90 | 45 | 30 | 10 | 20 |
| Totaal | | | | | |

18.1 Teken 'n lyngrafiek op die tabel hieronder om die getal manlike en vroulike meerkatte in die groepe in Botswana en die Noord-Kaap aan te dui.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 50 | | | | |
| 45 | | | | |
| 40 | | | | |
| 35 | | | | |
| 30 | | | | |
| 25 | | | | |
| 20 | | | | |
| 15 | | | | |
| 10 | | | | |
| 5 | | | | |
| | B-man | NK-man | B-vrou | NK-vrou |


SLEUTEL: B-man – Botswana manlike meerkatte

NK-man – Noord-Kaap manlike meerkatte

B-vrou – Botswana vroulike meerkatte

NK-vrou – Noord-Kaap vroulike meerkatte (4)

18.2 Teken 'n sirkeldiagram op die tabel hieronder om die getal manlike en vroulike meerkatte van die Botswana-groep aan te dui.



(3)

18.3 Teken 'n balkgrafiek op die tabel hieronder om die getal manlike en vroulike meerkatte in die groepe in Botswana en die Noord-Kaap aan te dui.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 50 | | | | |
| 45 | | | | |
| 40 | | | | |
| 35 | | | | |
| 30 | | | | |
| 25 | | | | |
| 20 | | | | |
| 15 | | | | |
| 10 | | | | |
| 5 | | | | |
| | B-man | NK-man | B-vrou | NK-vrou |

SLEUTEL: B-man – Botswana manlike meerkatte

NK-man – Noord-Kaap manlike meerkatte

B-vrou – Botswana vroulike meerkatte

NK-vrou – Noord-Kaap vroulike meerkatte (4)

18.4 Teken 'n kolomgrafiek op die tabel hieronder om aan te dui hoeveel spinnekoppe en akkedisse die meerkatgroepe in Botswana en die Noord-Kaap eet.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 120 | | | | |
| 105 | | | | |
| 90 | | | | |
| 75 | | | | |
| 60 | | | | |
| 45 | | | | |
| 30 | | | | |
| 15 | | | | |
| | B-spin | NK-spin | B-akk | NK-akk |

SLEUTEL: B-spin – Botswana-spinnekoppe

NK-spin – Noord-Kaap-spinnekoppe

B-akk – Botswana-akkedisse

NK-akk – Noord-Kaap-akkedisse (4)

18.5 Teken 'n gebrokelyn-grafiek op die tabel hieronder om die getal manlike en vroulike meerkatte in die groepe in Botswana en die Noord-Kaap aan te dui.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 50 | | | | |
| 45 | | | | |
| 40 | | | | |
| 35 | | | | |
| 30 | | | | |
| 25 | | | | |
| 20 | | | | |
| 15 | | | | |
| 10 | | | | |
| 5 | | | | |
| | B-man | NK-man | B-vrou | NK-vrou |

SLEUTEL: B-man – Botswana manlike meerkatte

NK-man – Noord-Kaap manlike meerkatte

B-vrou – Botswana vroulike meerkatte

NK-vrou – Noord-Kaap vroulike meerkatte (4)

19.1 Wat is die totale getal manlike meerkatte in beide groepe?

____________________________________________________________ (1)

19.2 Hoeveel vroulike meerkatte, van al die vroulikes in die navorsing, is van die Noord-Kaap afkomstig?

____________________________________________________________ (1)

19.3 Hoeveel spinnekoppe en akkedisse is altesaam geëet?

____________________________________________________________ (1)

19.4 Vergelyk die getal spinnekoppe en akkedisse wat deur die twee verskillende groepe geëet is. Kan die getal wat geëet is, bydra tot 'n groep se grootte? Gee 'n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

19.5 Watter streek het die minste meerkatte?

____________________________________________________________ (1)

20.1 Skryf 'n vriendskaplike brief van TIEN reëls aan jou neef of niggie, waarin jy hom of haar meedeel hoe jy iemand gered het wat amper verdrink het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (6)

20.2 Voltooi die adres, aanhef en slot van die ingeslote brief hieronder.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

Onthou jy nog die dam wat ons besoek het toe jy by ons gekuier het? Ons het dit terdeë geniet om in die water te gly.

Gister, terwyl ek op pad huis toe was van die skool af, het ek oor die veld naby die dam geloop. Ek het 'n jong kind in die water sien spartel. Ek het vinnig my skoene uitgetrek en ingeduik. Ek het die kind gegryp en na die kant van die damwal geswem.

Ek was bly toe die kind begin water uithoes en daarna begin huil het. Dit was vir my 'n aanduiding dat die kind kon asemhaal.

Goeie nuus: volgende Vrydag kry ek 'n toekenning van die burgemeester vir my heldedaad.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (6)

20.3 Voltooi die inleidende paragraaf van die brief hieronder oor hoe jy iemand van verdrinking gered het.

Plot 24

Seksie 17

Kwa-Mashu

4364

28 Februarie 2012

Liewe Nomsa

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ek was bly toe die kind begin water uithoes en daarna begin huil het. Dit was vir my 'n aanduiding dat die kind kon asemhaal.

Goeie nuus: volgende Vrydag kry ek 'n toekenning van die burgemeester vir my heldedaad.

Jou neef/niggie

Bongi (3)

20.4 Voltooi die laaste paragraaf van die brief hieronder oor hoe jy iemand van verdinking gered het.

Plot 24

Seksie 17

Kwa-Mashu

4364

28 Februarie 2012

Liewe Nomsa

Onthou jy nog die dam wat ons besoek het toe jy by ons gekuier het? Ons het dit terdeë geniet om in die water in te gly.

Gister, terwyl ek op pad huis toe was van die skool af, het ek oor die veld naby die dam geloop. Ek het 'n jong kind in die water sien spartel. Ek het vinnig my skoene uitgetrek en ingeduik. Ek het die kind gegryp en na die kant van die damwal geswem.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Jou niggie

Bongi (3)

20.5 Korrigeer die foute in die formaat van die brief hieronder.

Kwa-Mashu

28/02/2012

**LIEWE NOMSA**

Onthou jy nog die dam wat ons besoek het toe jy by ons gekuier het? Ons het dit terdeë geniet om in die water in te gly.

Gister, terwyl ek op pad huis toe was van die skool af, het ek oor die veld naby die dam geloop. Ek het 'n jong kind in die water sien spartel. Ek het vinnig my skoene uitgetrek en ingeduik. Ek het die kind gegryp en na die kant van die damwal geswem.

Ek was bly toe die kind begin water uithoes en daarna begin huil het. Dit was vir my 'n aanduiding dat die kind kon asemhaal.

Goeie nuus: volgende Vrydag kry ek 'n toekenning van die burgemeester vir my heldedaad.

Jou niggie

(7)